# InfoForum

Nuusbrief van die Ferdinand Postma-Biblioteek
Noordwes-Universiteit : Potchefstroomkampus

info@PUK

Vol 4(1), Mrt 2004

## Redaksioneel...

Drie gewaardeerde kollegas in die Biblioteek het aan die einde van 2003 finaal afgetree. Die langsdienende van hulle, **Adolph Senna**, het in Oktober 1974 in die Biblioteek begin as klerklike assistent en het afgetree as rakpakker. (Die amper-bejaardes onder ons sal vir Adolph onthou uit die tyd toe hy as jong man by Oom Naas en die tannie by die ou kafeteria gewerk het.) Hy woon nou na sy aftrede buite Zeerust. **Ria Terblanche** was sedert 1989 in die Biblioteek en het afgetree as assistent-bibliotekaris in ons Katalogusdepartement, waar sy veral verantwoordelik was vir die toeken van klassifikasienommers en saakhoofde. (Hierdie biblioteek is waarskynlik die enigste oorblywende biblioteek (in die wêreld - glo dit as u wil) wat Afrikaanse saakhoofde op die patroon van die Library of Congress s'n toeken.) Van die drie is **Elna Botha** die enigste een wat hierdie jaar nog op 'n deeltydse basis terug is in die Biblioteek. Sy het sedert 1988 in die Biblioteek gewerk en het afgetree as biblioteekassistent in die Aanskafdepartement. Sedert die begin van 2004 help sy ons deeltyds-tydelik uit met die indeksering van die kosbare Fleischack-dokumentversameling.

Die Biblioteek is saam met ons kollegas op die Mafikeng-kampus nie so intens betrokke by die samesmeltingsprosesse as ander meer infrastruktuur-gerigte afdelings nie. Nogtans het ons daarin geslaag om die goeie verhoudings wat reeds lank voor die samelsmelting bestaan het, te handhaaf en verder uit te bou. Ons konsentreer veral op die algemene beskikbaarmaking van toegang tot elektroniese tydskrifte en databasisse. Ons het reeds daarmee mooi suksesse behaal om toegang uit te brei en in dié proses vir albei kampusse geld te bespaar. Met beide die **Web of Science** en die **JSTOR**-databasisse is toegang vir alvier kampusse uitgebrei teen dieselfde koste as wat andersins vir die Potchefstroom-kampus gegeld het. Ons sien uit daarna om met soortgelyke projekte en op ander maniere ons nuwe kollegas by te staan.

Met die inkorporering van Vista se Sebokeng-kampus is die laaste woord oor biblioteekdienste nog nie gespreek nie. 'n Saak wat egter reeds 'n positiewe invloed op ons diens by die Vaaldriehoekkampus sal hê, is die feit dat sowat 10 000 volumes wat nie langer by Sebokeng benodig word nie, na VK oorgeplaas is.

**Tom Larney**
**Direkteur Biblioteekdienste**

---

**ISI Web of Science** is 'n produk van ISI Web of Knowledge en bestaan uit drie hoë kwaliteit databasisse waarin inligting vanuit duisende wetenskaplike tydskrifte oor alle navorsingsareas bymekaargebring is. Navorsers kan ook met behulp van hierdie databasisse vasstel hoeveel keer hulle as outeurs aangehaal is. Alle tydskriftitels wat in hierdie databasisse voorkom, word deur die Departement van Onderwys as geakkrediteerd beskou. Die databasisse is:

- Science Citation Index Expanded™
- Social Sciences Citation Index®
- Arts & Humanities Citation Index®

---

**PapersINVITED.com** is ontwikkel om wetenskaplikes, professore en navorsers van hulp te wees wat dit moeilik vind om "Calls for Papers" van professionele liggame, universiteite, tydskrifredakteurs en ander konferensieorganiseerders op te spoor. PapersINVITED.com gee jou maklik en vinnig toegang tot 'n lys van "Calls for Papers" in alle areas van spesialisering.



Die Galery word vanaf 2004 bestuur deur die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, o l v die Kurator, mnr John Botha en 'n nuut- aangestelde Galerykoördineerder, me Cristel Vosloo. **Meer hieroor...**

Die **Natuurwetenskappe-Takbiblioteek** is vanaf 15 Maart 2004 gedurende die kwartaal **saans tot 20:00 oop**. Gedurende universiteitsvakansies sluit die biblioteek om 17:00.

**Studiegidsopdragte - "weblinks"**
Indien 'n dosent van 'n klasgroep verwag om 'n spesifieke webadres te besoek (soos voorgeskryf in die studiegids) kan die betrokke **vakbibliotekaris** gekontak word, wat toegang sal reël. Internettoegang is sedert Jan. 2004 nie meer gratis in die biblioteek beskikbaar nie. Verskeie rekenaars is wel beskikbaar waar gratis Internettoegang tot slegs ingetekende databasisse verkry kan word.



**Wil jy weet watter nuwe boeke die biblioteek aangekoop het?**
Gaan kyk gerus na 'n lys van die biblioteek se **nuwe aanwinste**.

Ons wil graag twee van ons personeellede, **Carine Basson** en **Anneke Coetzee**, gelukwens met die sertifikate wat hulle ontvang het vir die kursus "Optimering van persoonlike effektiwiteit".



Ons voel baie opgewonde oor ons intekening op die volgende twee hoogaangeskrewe **elektroniese naslaanwerke**:

- die **Oxford English Dictionary** kyk na die betekenis, geskiedenis en uitspraak van die Engelse taal en word as een van die gesaghebbendste bronne beskou.
- **Oxford Reference Online** bestaan uit 'n versameling van bekende naslaanwerke in elektroniese formaat.

Die bronne kan ook op die volgende blad gekry word: **e_Naslaanwerke**.

**Die Biblioteek het twee opleidingslokale** nl., **Besembos** en **Tarentaal** wat deur personeel en studente by die Inligtingstoonbank, of by 299 2802, bespreek kan word.

**Argief hier beskikbaar**.

---

© 2004 NWU. Alle regte voorbehou. Kennisgewings.







# Die Galery in die Biblioteekgebou

Die Galery word vanaf 2004 bestuur deur die Fakulteit Lettere en Wysbegeerste, onder leiding van die Kurator, mnr John Botha en 'n nuutaangestelde Galerykoördineerder, me Cristel Vosloo.

Die Galery huisves die permanente en bruikleenversameling kunswerke van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Dit bestaan uit 'n verskeidenheid werke van bekende en minder bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars. Van tyd tot tyd word ook eksterne uitstallings aangebied. Kennisgewings sal verskyn op "GONS", op die PUK se tuisblad en word ook op die BBS bekend gestel.

Dit kan ook as onthaalruimte bespreek word vir amptelike Universiteitsaangeleenthede soos onderhewig aan die voorgeskrewe maatreëls en beperkings uiteengesit in die Beleid insake Die Galery.

**Besigtingsure vir uitstallings:**
Maandag tot Vrydag: 10:00 tot 16:00

**Navrae en besprekings:**
Me Cristel Vosloo
299 4341
083 633 4060







